


# KOERSVAS

Jaargang 2    Uitgawe 43    4 Julie 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Wanbalans

Die berig wat ons van Rustenburg ontvang het, herinner ons daaraan dat daar altyd hulp en hoop is, jy moet net op die regte plekke gaan soek. Die stakers se dwaasheid om so lank te staak en in die proses hulself en almal om hulle skade te berokken, sal altyd as klag teen hulle staan. Die rimpel-effek gaan ons land se ekonomie skaad. Deel van die probleem wat die stakers gemotiveer het, is ongelykhede. Die ongelykhede in ons land en in die wêreld (ja, hierdie is 'n wêreldwye probleem) moet 'n groot deel van die skuld kry.

Oxfam International het in 2013 berig dat die wêreld se 85 rykste mense bates besit tot dieselfde waarde as die armste helfte van die wêreldbevolking (3.5 biljoen mense, insluitend kinders). Beide groepe besit \$1.7 triljoen. Dit kom neer op gemiddeld \$20 biljoen per persoon in die ryk groep en \$486 se bates per persoon vir die ander 3.5 biljoen. Daar is natuurlik mense wat niks besit nie, insluitende kinders met geen bates nie. Een navorser beweer dat die rykes teen so 'n tempo ryker word dat die getal rykes wat net soveel soos die arm helfte besit, nou net 67 persone is. 'n Ander statistiek wat onlangs aan die lig gekom het, is dat 1%

van die wêreld se bevolking 54% van die wêreld se bates besit.

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat daar 'n paar skroewe los is. Dit plaas die barmhartigheids pogings van mense ook weer in 'n ander perspektief. Die mense wat werklik die groot verskil kan maak in die aanspreek van die ekonomiese wanbalans is die tientalle super-rykes. Dit is duidelik dat ons pogings geen wanbalans gaan kan regstel nie. Ons kan mekaar net bystaan en die swaarkry verlig. Daar sal 'n groot kentering by die rykstes van die rykes moet kom, maar moenie jou asem ophou nie. In die tussentyd help ons mekaar waar ons kan.

## Nuusbrokkies

### **Bondsbrokkies**

#### **Rustenburg**

Sedert Augustus 2012 is Rustenburg as gevolg van die Marikana-slagting in die nuus. Dit is dan ook nie vir ons vreemd dat AMCU die Rustenburg-myne geteiken het vir hulle onderliggende en onderlinge politieke geskille nie. Alhoewel al die werkers, veral kontrakteurs, nog nie terug is by die werk nie, heers daar 'n taamlike optimisme onder mynwerkers dat die staking nou verby is en dat hulle weer kan begin bou aan hulle lewens.

Maar die staking het onberekenbare skade aan Rustenburg en haar mense

gebring. Almal wat in Rustenburg woon, is op een of ander wyse afhanklik van, of betrokke by die myne. Dit is moeilik om betroubare syfers te bekom, maar volgens berigte, het ongeveer 200 besighede hulle deure moes sluit, is meer as 1000 voertuie teruggeneem, en het verskeie persone hulle bates, huise en eiendomme verloor. Duisende mense het dus hulle werk verloor, indirek as gevolg van die staking. Nie net het daar groot finansiële agterstande in huisgesinne ontstaan nie, maar het mense van hulle huisinhoud, toerusting, implemente ensomeer verkoop om te kon oorleef. Om die omvang van die skade, emosioneel en materieel, te probeer beskryf, is dus feitlik onmoontlik.

Maar dit is/was ook 'n tyd waarin mense se geloof kon groei: deur die Genade was en is ons in staat om vir ongeveer 20 gesinne in ons gemeente te kon sorg. Ons het ruim donasies van individue ontvang, van Potchefstroom, lidmate van die gemeente Koster, sakemanne in Rustenburg, te veel om op te noem. Omdat gereelde donasies aan instansies vanuit Rustenburg ook opgedroog het, kon ons gesinne in Krugersdorp-Wes help, skenkings maak aan 'n ouetehuis op Swartruggens, aan koshuise en ander welsynsorganisasies in Rustenburg wat ons eie mense ondersteun. Ons het na raming amper 2 ton se kosvoorrade ontvang wat ons uitgedeel het – soos manna uit die hemel!

Hiermee ons opregte dank aan elke persoon, instansie, gemeente, ensomeer wat Rustenburg se mense in die moeilike tyd bygestaan het. Die na-skok word nog gevoel, en ons vra dat lidmate in hulle gebede sal dink aan gesinne wat hulle lewens weer moet herbou. Die Here is vir ons goed.

Ds Johan van Wyk

### **Dankgeleentheid: Bloemfontein**

Op Sondag 29 Junie 2014 is 'n Fees-en Dankgeleentheid gehou om die Here te

dank vir uitkoms met 'n vaste erediensplek. Die Gemeente besit geen eiendom nie en het sy eerste erediens op 1 Desember verlede jaar in die kapel van 'n begrafnisondernemer gehou. Dit was heeltemal te klein. Die NG Gemeente Fichardtpark het toe sy saal teen 'n afslagprys aan ons verhuur. Die saal is oorkant die straat van die kerkgebou en ons eredienstyd kon met hulle s'n oorvleuel. Groot opgewondheid het geheers toe die moontlikheid opduik om in 'n pragtige baksteen kerkie met 100 sitplekke te kon kerk hou. Maar toe dit blyk dat ons een van vier huurders op 'n Sondag sou wees, is daarteen besluit. En toe kom APK Bainsvlei uit hulle eie en bied aan dat ons hulle gebou huur! Ons eredienste begin nou 11:30 maar niemand geen om daarvoor nie - die Vrystaatse winter is net makliker as jy kan laatlê.

Die Skriflesing was uit 1 Konings 12 vers 33 tot 13 vers 34. In die prediking is die gemeente opnuut opgeroep om Jesus se waarskuwing in Matteus 7 vers 15 *“Pas op vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe..*, ter harte te neem. Verder dat ons elkeen wat sê dat hy die Gees van God het moet ondersoek. (1 Johannes 4 vers 1 - 'n Bybelvasvraeteks) Ons jong skriba, Marieke Schwarzendahl het haar puik van haar taak gekwyt met die verwelkoming - jy sou sê sy tree al jare voor mense op. Die seremoniemeester oudl Frikkie Pretorius het ten spyte van 'n bloeddruk wat deur die dak wou klim die verrigtinge gelei. Hy is Woensdag in die hospitaal opgeneem.

Ons het twee Kanselbybels as geskenk ontvang (Beide die Ou en die Nuwe Vertalings). Br en sr Nico en Ina Cohen (wat nou na Douglas verhuis) het die geld geskenk vir die 1983-Vertaling wat ons by Gemeente Stilfontein aangekoop het. Vir die Gemeente is afstand egter nie 'n voorwaarde om lidmaat te wees nie. Die mees suidelike lidmate woon in

Mosselbaai distrik en in Bergvliet, Kaapstad. Wyle oudl Hannes Esterhuizen van Swartruggens se dogter Alida is getroud met Kobus Robbertze. Hulle woon tydelik op Clanwilliam. Elke Sondag gee Alida kategeese vir haar eie dogters. Sy lewer verslag aan die Ouderlingevergadering en dit is duidelik dat goeie werk gedoen word.

Ouderling Das Steyn het die nuwe proponentsondertekeningsformule met die gemeente behandel. Hy het gesê dat die feit dat die afgeleë plaasboere in die negentiende eeu voor en na die Groot Trek min predikante (veral Kaapse predikante) gesien het, eintlik die gesonde leer se redding was, want die oumense het self die Bybel en Belydenisskrifte geken en daaraan vasgehou.

Verskeie groetboodskappe is van ander predikante in die dorp ontvang. Ons konsulent ds Antoinette van Zyl van Gemeente Vrede sowel as die voorsitter van die Bondskomitees, dr Otto het pragtige skriftelike boodskappe gestuur. Van die APK is groetboodskappe gelewer deur die voorsitter van die kerkraad, ouderling Chris Wentzel, die plaaslike predikante ds Johann Jacobs en die emeritusleraar, ds Bertie de Lange. Ds De Lange het reeds in Januarie die hele Ringskommissie saamgebring na ons "pastorie" toe om hulp en ondersteuning aan te bied.

Die susters en 'n manlike kok, oudl Jozef van Biljon het hulle puik van hulle taak gekwyt en 'n spog-ete voorgesit. Inderdaad is ons 'n klein, maar begeesterde gemeente! Ons het selfs 'n wins gemaak, hoewel dit nooit die bedoeling was nie (die gemeentelede kon eet teen R 10-00 pp maar verskeie donasies is gemaak).

Aan tafel het prof Dolf Britz, ons predikant se studieleier met die gemeente gepraat oor die dominee se proefskrif-in-wording oor wyle dr HCM Fourie. Hy het die rol wat dr Fourie in die vertaling van die

Belydenisskrifte en die Bybel gespeel het, uitgelik en verduidelik.

So tussen die bloeddruk deur het die seremoniemeester nog grappies vertel. Die beste een was van die broer wat die geloofsgenesingsdiens bygewoon het. Hy vertel die Maandag vir sy vriend hoe hy met sy twee krukke verhoog toe gesukkel het. Hy kry toe opdrag om sy linker kruk weg te gooi. Hy sê dat hy dit toe sommeer ver oor die mense se koppe gegooi het. Toe kry hy opdrag om sy om sy regter kruk ook weg te gooi. Die vriend vra: "Ja en wat gebeur toe?" "Toe val ek op my agterent man!"

En so sal Sondag 29 Junie aangeteken word as 'n groot en vrolike dag in die gemeentegeschiedenis waar die eer aan Hom gegee is wat altyd uitkoms gee.

Ds LJ Strauss

### **BONDSVERGADERING TE THERESAPARK**

Ons haal met dank en erkenning aan prof Hennie van der Westhuizen die volgende punte aan. Dit is 'n opsomming van sekere van die besluite soos geneem tydens die Theresapark

Bondsvergadering. Die notule se inhoud is gefinaliseer. Sodra die taal en teksversorging gedoen is, sal dit aan gemeentes gestuur word. Koersvas sal dan weer sekere sake uitlig.

Die gebruik van Afrikaans moet veral wat spelling en benaminge betref, aansienlik verbeter word.

Internetprotokol kan vir vergaderings van komitees gebruik word.

Die knooppunt van gemeentes in die Geloofsbond sal "Skribaar" genoem word.

Die webblad, onder beheer van die Mediakomitee, sal die amptelike orgaan van die Geloofsbond wees.

Koers sal saam met *Koersvas* en *Skietlood* op die e-pos geakkommodeer word. Oudl De Ridder sal die nodige fasiliteite skep dat *Koers* se e-posdonasies nie verwar word nie.

Die Geloofsbond sal die ou Kerkwapen sonder die eierkringe registreer vir die Bond. Selfstandige gemeentes kan dit ook gebruik of op hulle eie embleem besluit. Die bewoording van die Proponentsformule is gefinaliseer. Voor die einde Julie 2014 moet die ooreenkoms met die APA (Afrikaanse Protestantse Akademie) afgehandel wees vir die opleiding van predikante.

Elke gemeente neem verantwoordelikheid vir diakonale werk. Gemeentes kan self besluit of hulle 'n bepaalde bedrag of deurkollekte vir Bybelverspreiding wil gee. Onthou moet word dat dit op die Bond se gemeentenommer by die Bybelgenootskap (dr Stephan Hoffman) inbetaal word. So kan gemeentes ook daaraan dink om geld vir die Vryburger se Kinderfonds (ds Rudi Schoeman) te skenk, byvoorbeeld 'n Nag-maalstafelkollekte of barmhartighheidsdiensfonds wat teen die einde van die jaar nie in die eie gemeente aangewend is nie.

Al die voorsitters van die komitees vorm saam 'n Kontinuïteitskomitee.

Gemeentes besluit self oor liturgiese ordes op so 'n wys dat lidmate en besoekers nie vreemd sal voel in 'n kerkdiens nie.

Gemeentes besluit self of hulle die klassieke formuliere, wat ryk, diepsinnig en kosbaar is, gebruik of nuwe formuliere wat mettertyd beskikbaar sal kom.

Daar is reeds 'n fonds vir opleiding van leraars gestig waarheen gemeentes bydraers kan stuur op die adres van die Bond.

**Trustgelde word nie vir hofsake gebruik nie.**

Alle verenigings van gemeentes word gevra om ongeveer 7% van die gemeentes se dankoffer aan die Bond toe te deel omdat groot uitgawes vir hofsake benodig word wat die NHKA teen wil en dank teen ons wil voer.

***Tot sover het geen Bondsgemeente of predikant 'n hofbevel vir finansiële verpligting ontvang nie. Die NHKA moes vir minstens drie gevalle al tienduisende rande inboet deur hofbevele.***

Die hofsake is in dié stadium gevries en regter Fourie is aangestel om al die sake te hanteer.

Hy het reeds gesê die twee partye moet saam onderhandel. Ons het nog altyd op mediasie aangedring.

Die Bond se prokureur, Pieter van der Merwe, het van werk verander. Aan hom word groot dank uitgespreek vir sy kosbare kostelose diens. In sy plek sal prokureur Pienaar ook verder optree. Groot dank word ook uitgespreek teenoor advokate Roelof en Renette du Plessis. Daar is herinner aan die besluit van die Tuinevergadering waar besluit is dat by gemeentes aanbeveel word om ook die ou Psalm- en Gesangeboek te gebruik, met ander woorde die 1936-Psalmveryming van Totius waar ook berymings voorkom van ons eie ds JJ Kühn (Ps 130 – tweede beryming).

Ds Freek van der Merwe is sameroeper van die *Stoepsittersgeselskap* (Voorgestelde naam. Die emeriti is Hervormers – stoepsitters, teenoor Gatjieponders en Doppers – en daarby moet hulle geselskap voer, ook in die sin van Geselskap= vereniging).

Ds Piet van der Merwe het 'n oorsig oor die geskiedenis en inhoud van die blad *Koers* gegee. “Soos Johannes die Doper wat 'n voorloper was wat die weg berei het, het *Koers* die atmosfeer en persone berei dat daar vandag 'n Geloofsbond bestaan. Dit is die mees hoogstaande teologiese blad op die mark”. Sy mosie van dank is eenparig en met handklap aanvaar.

**BANKBESONDERHEDE:**

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Takkode: 250 655

**Bybelvasvrae:**

Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: "Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink." Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Bestek:

Die briewe van Johannes. (1; 2 & 3 Johannes)

Heidelbergse Kategismus– Sondag 1 tot 8.

Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.

Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30
<a href="mailto:ella@teamworkprinters.com">ella@teamworkprinters.com</a>	

.

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) vir opname in die volgende Koersvas.

## Buitewyk-Fondsinsameling

### Wen 'n mini-BOERDERY

U staan 'n kans om 'n mini-BOERDERY te wen deur 'n kaartjie te koop vir R100-00. Die opbrengs van die projek is ten bate van Premiermyn Hervormde Gemeente, Cullinan.



Die mini-BOERDERY bestaan uit drie jong Nguni verse en 'n jong Nguni bul.

Die wenner van die mini-BOERDERY mag ook vra dat die vier Nguni beeste op 'n veiling verkoop kan word. Die bedrag wat vir die beeste gekry word is dan ook die kontant bedrag wat die wenner sal kry.



Die trekking sal op 16 November 2014 na die erediens onder toesig van die Ouderlingevergadering geskied, waarna die gelukkige wenner telefonies in kennis gestel sal word.

**Kontak Hans 084 581 2905**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

**MW PACKAGING**

by 018 381 1494.